

## 1.1 BEGRIPSTOETS 1

### Die Wes-Kaap

Die Wes-Kaap is een van die gewildste toeristebestemmings in die wêreld en sluit die Karoo, die Klein-Karoo, die Kaapse Wynlande, die Kaapse Skiereiland en Kaapstad en omgewing in. Beaufort-Wes is die hoofstad van die Karoo en is aan die voet van die Nuweveldberge geleë.

Caledon is geskiedkundig die hartland van die Overberg en is bekend vir sy wonderlike staproetes en welige fauna en flora. Verder noord kry jy Montagu en Bonnievale in die Breederiviervallei – 'n area wat alom bekend is vir sy sagtevrugte en wyn. Die Breederiviervallei het 'n ryk kulturele agtergrond en toere en uitstallings word in die meeste dorpe aangebied.

In die vallei naby Worcester is Kleinplasia – 'n lewende openlugmuseum waar die lewenswyse van die vroeë pioniers uitgebeeld word. Tulbagh is bekend vir sy geskiedkundige geboue in Kerkstraat.

Verskeie toere word in die Kaapse Wynlande aangebied en die meeste landgoedere bied wynproe-sessies en toere deur die kelders. Die enigste taalmonument in die wêreld is in die Paarl en die dorp is ook een van die voorste wyndistrikte hier en internasionaal.

Die Paarl het ook die eerste wynroete vir blinde mense begin. Butterfly World – die grootste skoenlappermuseum - is ook in hierdie omgewing.

Stellenbosch is die tweede oudste dorp in Suid-Afrika (naas Kaapstad), en tuiste van een van die land se top universiteite en van ons bekendste wingerde. In 1971 het Stellenbosch die eerste wynroete bekendgestel en feeste soos die Voedsel- en Wynfees in Oktober en die Stellenboschfees in September, is geleenthede wat nie misgeloop moet word nie. Nes jy nie die Wynlande kan besoek sonder om by die Strand, Gordonsbaai en Somerset-Wes aan te doen nie.

Langs die Suidweskus vind jy Hermanus – 'n dorpie wat wêreldroem verwerf het vir sy Walvisroete. Die walvisse kom tot 20 meter vanaf die strand en mense kom van heinde en verre om hulle te sien.

Die Moederstad – Kaapstad – aan die voet van Tafelberg, word beskou as een van die mooiste stede in die wêreld. Van die vele toeriste-aantreklikhede in die stad en omgewing is Robbeneiland, die Victoria- & Albert-waterfront, die Kasteel van Goeie Hoop en die Tafelbergkabelkarre.

Wonderlike restaurante bedien enigiets van tradisionele boerekos tot seekos of pasta. Die Imax-teater by die Waterfront en die akwarium is ook 'n besoek werd.

Heelparty natuurreservate, insluitend die Tygerberg-dieretuin en Kaappunt-Natuurreservaat is in die Kaapse Skiereiland geleë. Die oudste vuurtoring in die land dateer terug na 1741 en is by Mouille Point. Op mistige dae kan die mishoring myle ver gehoor word. Ander natuurskone plekke in die Skiereiland is Houtbaai, Valsbaai en Chapman's Peak.

Simonstad is 'n vlootbasis en word sedert 1741 as 'n hawe gebruik. In hierdie area is daar baie robkolonies en ook die bedreigde Kaapse pikkewyn. Die Skiereiland het ook 'n aantal kuns- en handwerksentrums, asook gesogte restaurante en kroeë.

- (a) Waar is Beaufort-Wes geleë?
- (b) Waar en wat is Kleinplasia?
- (c) Watter dorp is die tweede oudste in Suid-Afrika?
- (d) Watter dorp is die wêreldroem verwerf en waarom?
- (e) Waar word die oudste vuurtoring in die land aangetref?
- (f) Waar vind ons die enigste taalmonument in die wêreld?
- (g) Noem twee redes waarom die Paarl 'n belangrike en gewilde toeristebestemming is.
- (h) Waar word die bedreigde Kaapse pikkewyn aangetref?
- (i) Noem drie toeriste-aantreklikhede wat in Kaapstad en omgewing besoek kan word.
- (j) Waar kan ons veral sagtevrugte en wyn gaan koop?
- (k) Wanneer het Stellenbosch die eerste wynroete bekend gestel?
- (l) Soek en tel hoeveel keer die woordjie, die, in hierdie gedeelte voorkom.
- (m) Waar kan jy in die Wes-Kaap kabelkarre gaan ry?
- (n) Wat is die dorp se naam wat bekend is vir sy geskiedkundige geboue in Kerkstraat?
- (o) Die woord, 'n, kom nege keer in die gelese gedeelte voor. Kies *WAAR* of *ONWAAR*.
- (p) Watter stad word as een van die mooiste stede in die wêreld beskou?